

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

#### Lied 163

Soos 'n wildsbok wat smag na water,  
smag my siel na U, o Heer.  
U alleen is my hartsverlange  
en ek bring aan U die eer.  
U alleen is my bron van krag;  
in U teenwoordigheid wil ek wag,  
U alleen is my hartsverlange  
en ek bring aan U die eer.

## Woorddiens

### Tema: "Om waaksam te leef"

### Skriflesing: Matteus 25:1-13

### Broodjies vir die pad

"You've gotta dance like there's nobody watching,  
Love like you'll never be hurt,  
Sing like there's nobody listening,  
And live like it's heaven on earth."

— William W. Purkey

"The really important kind of freedom involves attention, and awareness, and discipline, and effort, and being able truly to care about other people and to sacrifice for them, over and over, in myriad petty little unsexy ways, every day."

— David Foster Wallace, This Is Water: Some Thoughts, Delivered on a Significant Occasion, about Living a Compassionate Life



David Foster Wallace worked surprising turns on nearly everything: novels, journalism, vacation. His life was an information hunt, collecting hows and whys. "I received 500,000 discrete bits of information today," he once said, "of which maybe 25 are important. My job is to make some sense of it." He wanted to write "stuff about what it feels like to live. Instead of being a relief from what it feels like to live." Readers curled up in the nooks and clearings of his style: his comedy, his brilliance, his humanness.

His life was a map that ends at the wrong destination. Wallace was an A student through high school, he played football, he played tennis, he wrote a philosophy thesis and a novel before he graduated from Amherst, he went to writing school, published the novel, made a city of squalling, bruising, kneecapping editors and writers fall moony-eyed in love with him. He published a thousand-page novel, received the only award you get in the nation for being a genius, wrote essays providing the best feel anywhere of what it means to be alive in the contemporary world, accepted a special chair at California's

Pomona College to teach writing, married, published another book and, last month [Sept. 2008], hanged himself at age 46.

-excerpt from **The Lost Years & Last Days of David Foster Wallace** by David Lipsky in Rolling Stone Magazine October 30, 2008.

Among Wallace's honors were a Whiting Writers Award (1987), a Lannan Literary Award (1996), a *Paris Review* Aga Khan Prize for Fiction (1997), a National Magazine Award (2001), three O. Henry Awards (1988, 1999, 2002), and a MacArthur Foundation "Genius" Grant.

[https://www.goodreads.com/author/show/4339.David\\_Foster\\_Wallace](https://www.goodreads.com/author/show/4339.David_Foster_Wallace)



**This Is Water: Some Thoughts, Delivered on a Significant Occasion, about Living a Compassionate Life**  
by David Foster Wallace

Only once did David Foster Wallace give a public talk on his views on life, during a commencement address given in 2005 at Kenyon College. The speech is reprinted for the first time in book form in THIS IS WATER. How does one keep from going through their comfortable, prosperous adult life unconsciously? How do we get ourselves out of the foreground of our thoughts and achieve compassion? The speech captures Wallace's electric intellect as well as his grace in attention to others. After his death, it became a treasured piece of writing reprinted in *The Wall Street Journal* and the *London Times*, commented on endlessly in blogs, and emailed from friend to friend.

Writing with his one-of-a-kind blend of causal humor, exacting intellect, and practical philosophy, David Foster Wallace probes the challenges of daily living and offers advice that renews us with every reading.

<https://www.goodreads.com/book/show/5986375-this-is-water>



**DIE VISMARK**  
(Kalkbaai)

"Maak oop daar, hou hom vas"  
"Krap die skubbe af, hou vas"  
"Nee man, vlek die snoek oop"  
"Hy is lekker groot, kyk net"  
die skuite het propvol ingekom  
daar anderkant staan Smiley  
trots op die snoek, gestut  
teen 'n ou geroeste drom  
met 'n blou skryfblok in sy hand  
en 'n bic pen, skud-skud, want  
sy ink is droog en daar moet  
prys gemaak word vir die vangs.  
"Kom Smiley, help my met die krat"  
"Ja, Tina, hou op my gat krap"  
"Kom Smiley, die customer wag"  
"Tina, laat hom wag, laat hom wag."  
Die skuite wieg heen en weer  
moeg van vroegdag se inspan  
Jak, Goosen en September  
sluk die soetpyp af, lekker man  
en daar krap en kerf die  
vroue by die sementblokke  
snoek, geelstert en harder.  
"Dankie Onse Vader"  
bid Meisie hardop terwyl  
sy die snoek se kytic  
uitsny, dankie Vader vir  
daagliks brood, dankie.  
Die vismark maak sy geraas

van mense wat lag  
en enjins wat raa  
vrouens kerf en skraap  
dat die skubbe spat  
tot in die hawe se water  
'n snoekkop trek deur  
die lug en val kaplaks  
in die water en sirkel  
sirkel die water om en om  
totdat Meneer Rob die snoekkop  
parmantig hap en wegduik  
"Dankie Vader vir daaglikse brood.  
Dankie Vader vir daaglikse brood.  
Dankie Vader.  
Dankie."

*Stanley Cierenberg*



### Die heel beste terapie is die rou én die lag

*Martie Retief Meiring*

Wie is Talita Basson? Wie is Louwrence van Niekerk? Ons kan dit wel vra, want skielik duik twee name op wat 'n koers ingeslaan het soos lanklaas gesien is.

Ons – die moedeloses, swartgalliges, vrees-en- wanhoop-bevangenes – ons soek die blaam vir die moorde en aanvalle by die polisie, die rasse-ideologie van die EFF, die rampokkery van die staat, werkloosheid. Waarheen nou?

Toe duik Talita en Louwrence op. Luidens berigte het Talita, 'n student, verby die plaas by Klapmuts gery waar Joubert Conradie kort tevore vermoor is. Sy het die groot klomp mense daar gesien saamdrom, van die gebeure verneem, en met die moed van iemand wat werklik gevoel het, besluit: Genoeg is genoeg.

Toe neem sy haar beste wapen op – haar rekenaar. Dra swart vir die plaasmoorde. Einde van die storie? Die ganse land het Maandag 'n rou-en-protesdag vir alle moorde beleef soos selde nog gesien is.

'n Paar ander mense het haar glo gehelp om onder meer op die Sondag voor die optog samesprekings met die owerheid te voer om 'n Swart Maandag te hou sonder om die matriekksamen te ontwrig. 'n Nuwe roete vir die optog is toe gereël.

Natuurlik was daar kritiek, sinisme, agterdog en onsmaklikheid oor die landwye uitstorting van rou en protes. Maar die derduisende wat swart gedra het, het 'n ander beeld uitgestraal – vir my ontroerend, indrukwekkend.

Jy kon nie anders dink nie: Jeanne d'Arc het 'n swaard opgeneem, op 'n perd geklim en die massas geleei. Talita het haar rekenaar nadergetrek, gekoukus en georganiseer.

Louwrence (23) het sy land vanuit Londen gadegeslaan, sy rekenaar nadergetrek en die angel uit rassevooroordel begin trek.

Hy het dit gedoen op die maklikste en beste manier: Kom ons spot met ons dom vooroordele. Hy het gevra dat swart, wit en Indiërs aan die ander sogenaamde rassegroepe dinge vra wat hulle nog altyd wou.

Van heerlike hilariteit tot ernstiger vrae (en soos gewoonlik, ook siedende afmakende kommentaar), het 'n vars bries deur Facebook gestoot en ander groepe die groot waarde van humor laat insien.

Ons word toenemend, danksy jong mense se sterkste wapen, tegnologie, van die moed van die rondom-20-jariges soos Talita en Louwrence ingelig.

In Uganda het die 18-jarige Jeremiah Kimbugwe eiehandig 'n struktuur gebou waar kinders basiese mediese sorg kry. In Kalifornië het die 19-jarige DeAndre Roberts die raselement verdring met 'n veldtog vir die aanvaarding van "/gays/ en /straights/" in alle rassegroepe.

Die droom en doen van jong mense word veral in omgewingsake, gesondheid en makliker kommunikasie gesien.

Talita en Louwrence het die rou én die lag belig. Dis seker die beste terapie in 'n geteisterde land.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-heel-best-terapie-is-die-rou-en-die-lag-20171101>

### Brood vir die pad

**Ja, die tyd is uit lit uit, maar dit hoef ons nie te verlam**

*RRV*

In die vyfde toneel van Shakespeare se *Hamlet* spreek die Deense prins sy bekende woorde: "The time is out of joint – O cursed spite / That ever I was born to set it right".

Hierdie woorde volg ná Hamlet se ontmoeting met die spook van sy vader, en die onthulling dat sy oom Claudius (wat nou met sy ma getroud is) eintlik sy pa se moordenaar is. Hamlet se uitspraak het al tot uitvoerige nadenke geleid, en talle kunstenaars en skrywers is deur die eue daardeur geboei.

'n Roman van die wetenskapsfiksies-skrywer Philip K. Dick, gepubliseer in 1959, heet dan ook *Time Out of Joint*. (Terloops, Ridley Scott se rolprent *Blade Runner* is op Dick se latere *Do Androids Dream of Electric Sheep?* gebaseer.)

Baie mense deesdae sal waarskynlik hierdie woorde van Hamlet as 'n gepaste beskrywing van ons huidige tydsgewrig beskou.

Die tyd is uit lit uit. Daar is oorloë en gerugte van oorloë. Morele verval, ekonomiese uitbuiting en blataante korruksie het die nuwe norm geword. Stories en ervarings van misdaad en moord word toenemend deel van ons daaglikse lewens. Ons leef inderdaad, sal baie wil sê, in 'n ontwrigte tyd.

In hul boek *The Hamlet Doctrine: Knowing Too Much, Doing Nothing* bied die filosoof Simon Critchley en die psigoanalist Jamieson Webster 'n bespreking van Shakespeare se drama in gesprek met 'n hele aantal filosowe en skrywers.

Volgens Critchley en Webster behels die "Hamlet doctrine" dat wanneer die sluier oor ons illusies gelig word, hierdie groter insig nie tot handeling aanleiding gee nie.

Nee, dit lei eerder tot neerslagtigheid of verlamming. Soos Hamlet, vir wie die nuus oor die ware toedrag van sake 'n krisis bring omdat hy dit nou moet regstel.

In 1928 gee die jong Dietrich Bonhoeffer – later bekend vir sy weerstand teen die Nazisme – 'n lesing in Barcelona oor die profete en hulle blywende betekenis. In sy beskrywing van die krisis van sy dag, gebruik Bonhoeffer ook die beeld dat die tyd besig is om uit lit uit te raak.

Volgens hom setel die blywende impak van die profete daarin dat hulle nie deur die insig in hulle tyd verlam is nie.

Hulle het die krag ontvang om nie soos baie ander oor onreg en ongehoorsaamheid te swyg nie. Deur te handel het hulle op 'n besondere manier iets van die woorde van Tasso (een van Goethe se karaktere) beliggaam: "When in their anguish other men fell silent / A god gave me the power to tell my pain".

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/ja-die-tyd-is-uit-lit-uit-maar-dit-hoef-ons-nie-te-verlam-20171103>

### Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor  
ubi caritas, Deus ibi est.*